# <u>Wêreld se hoogste sjokoladefontein onthul</u>

VERWERK UIT: MAROELA MEDIA

https://maroelamedia.co.za/nuus/wereld/fotos-wereld-se-hoogste-sjokoladefontein-onthul/



*(Foto: metro.co.uk)*

Die Switserse sjokoladevervaardiger *(chocolate producer)* Lindt het die wêreld se hoogste sjokoladefontein *(chocolate fountain)* onthul *(reveal)*.

Lindt se splinternuwe "Home of Chocolate" in Kilchberg naby Zürich sluit onder meer 'n interaktiewe museum, 'n navorsingsaanleg *(research distribution)*, 'n produksiebaan *(production line)* wat deur lede *(members)* van die publiek besigtig *(view)* kan word en 'n nege meter hoë sjokoladefontein in.

Die fontein is 'n reusagtige *(gigantic)* goue klitser *(whisk)* wat lyk of dit in die lug hang terwyl sjokolade afstroom om 'n Lindor-sjokoladebal te vorm.

Dit het 36 maande geduur om die "Home of Chocolate" te bou. Die wêreld se grootste Lindt-sjokoladewinkel word ook hier gehuisves *(housed)*.